
NUUSBRIEF
8

8 MEI 2025

## BELANGRIKE DATUMS

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die belangrike datums.




## SPORTUITSLAE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die sportuitslae




## SKOOLUNIFORM

Die leerders mag tans kies of hulle winters- of somersdrag wil dra. Let wel dat 'n leerder volledige somersdrag of volledige wintersdrag moet dra. Winters- en somersdrag mag dus nie gemeng word nie. Die amptelike datum waarop ons na wintersdrag oorskakel, is Maandag 19 Mei.

## ONS BID VIR

Hemelse God
Dankie vir die spesiale dames wat elke dag na ons omsien.

Vir Tannie Yvonne, wat na ons kyk wanneer ons seer of siek is — seën haar omgee-hande en vriendelike hart.
Vir Tannie Marita, wat die kantoor met geduld en glimlagte aan die gang hou — gee haar krag en vreugde.
Vir Tannie Jaclyn, wat lekker bederfies by die snoepie deel — mag haar goedhartigheid honderdvoudig terugkom.
Vir Tannie Esmarie, wat ons help om sterk te word in ons harte en gedagtes — lei haar met liefde en wysheid.
Vir Tannie Christa, wat ons op spesiale maniere help leer — seën haar vir die verskil wat sy maak.
En vir Juffrou Henriette Louw, wat ons gedagtes vul met stories en ons harte met verbeelding — mag haar liefde vir boeke ons altyd inspireer.

Ons dank U vir elkeen van hulle, en vra dat U hulle ryklik seën vir alles wat hulle doen.
Amen.

## MOEDERSDAG

Aan al die mammas van Midstream College:
Gelukkige Moedersdag! Baie dankie vir julle standvastige liefde, ondersteuning, en alles wat julle doen. Julle is die hart van baie gesinne en 'n ware inspirasie.
Mag julle dag gevul wees met vreugde en waardering!



# INDIVIDUELE FOTO'S

Die individuele foto's vir graad 1- tot 7-leerders word op 14 Mei gedurende skoolure geneem. Foto's word in somersdrag met skoolbaadjie geneem.



# MCP BERGFIETSRY

Klik asseblief op die onderstaande skakel vir meer inligting rakende bergfietsry en hoe om by Stream Cycling aan te sluit.




Verwys na die volgende pamflet oor die Nagfietsrit (Night Ride).




# TENNIS

Baie sterkte aan die volgende o. 13 tennisspelers wat vanaf 9 tot 11 Mei aan die Buffelspoort Laerskole Tennistoernooi gaan deelneem:

O. 13A-seuns: Kian Naidoo, Reinardt Coetzee, Rico Prinsloo, Reenen Delport
O. 13B-seuns: Cilliers Ponting, Stefan Erasmus, Stefan du Plessis, Adam Vogel
O. 13A-meisies: Lexi Aucamp, Isabelle Brand, Willemien van den Heever, Suané Vorster



# LANDLOOP

Die landloopoefeninge vir die kwartaal is: Maandae tot Donderdae van 14:00 tot 15:00 of 15:30 tot 16:30.

Ons eerste ligawedloop is hierdie Saterdag 10 Mei by Laerskool Fleur.
Kontak mnr. Gerhard Sauer vir meer inligting: gerhards@midstreamcollege.co.za



# AFRIKAANSREDENAARS

Baie sterkte ons talentvolle 2025 Afrikaansredenaarsgroep – ons grootste groep ooit – wat gedurende Mei en Junie aan die eerste rondte van die volgende drie landswye redenaarskompetisies deelneem! Hulle neem in verskeie voorbereide en onvoorbereide afdelings deel. Ons is baie trots op hulle!

9 – 10 Mei: Die ATKV Redenaarskompetisie
14 Mei: Die Artistatue Redenaarskompetisie
20 – 21 Junie: Die Interskole Redenaarsliga, in samewerking met WITS Regsfakulteit

| | |
|---|---|
| Graad 2 – 3 Hooftaal | • Charl Cronjé<br>• Leah Jackson<br>• Agithe Viljoen<br>• Henri Nienaber<br>• Amé Cilliers<br>• Nina Ballot<br>• Emma Labuschagne<br>• Ruach van der Gryp<br>• Alexander Coetzee<br>• Alex Venter |
| Graad 4 – 5 Hooftaal | • Hayleigh Nass<br>• Mileah Combrinck<br>• Gizelle Malan<br>• Monet Bezuidenhout<br>• Sally Erasmus<br>• Gretha Grimsehl<br>• Anlia van Zyl<br>• Kyla Coetzee<br>• Lika Barnard<br>• Raiden van der Gryp<br>• Kyrah van Heerden |
| Graad 4 – 5 Addisionele Taal | • Rose Dunkeld<br>• Kiara Padayachee<br>• Emma Kielblock |
| Graad 6 – 7 Hooftaal | • Emma Vogel<br>• Mishke Cilliers<br>• Klara Ballot<br>• Leah Struwig<br>• Francois van Reenen<br>• Johan Ferreira<br>• Hein Kymdell<br>• Lian Grobler<br>• Lize Bezuidenhout<br>• Coenraad Claassen<br>• Daniël de Beer<br>• Migael Combrinck<br>• Pierre Jacobs |
| Graad 6 – 7 Addisionele Taal | • Sebastian Moodley<br>• Lois Roberts<br>• Eli Shamuyrira<br>• Ntsetso Mushwana |

# TUCK IN

Vir u gerief moet aanlynbestellings voor middernag van die vorige dag wat die bestelling benodig word, geplaas word. Ons berei die bestelling die volgende oggend voor en lewer teen 09:00 die bestellings by die graad 1- tot 3- leerders se klaskamers af. Die graad 4- tot 7- leerders kom haal vanaf 10:00 hulle bestellings self by Tuck In.

**SCAN THIS QR CODE**

TUCK IN

TO GO TO OUR ONLINE SHOP



# JOL & JIVE

Druk op die skakel om u kaartjie te koop.

